# 14 Desember 2023 - Lesing 201 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 3

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Die leer van verdoeming is 'n dwaalleer –** 4/6/61

**NO: 7910** Moenie vrees om verlore te gaan wanneer julle My in julle hart dra nie. Glo nie dat 'n wraakgierige God julle vir julle sonde sal straf nie, dat Hy geen erbarming sal ken nie, **dat Hy julle vir ewig sal verdoem nie.**

Ek is 'n God van Liefde en Barmhartigheid en sal julle altyd uit die diepte omhoog help, **waarin julle julleself vrywillig gewerp het. Deur julle sonde** het julle julleself in 'n ongelukkige toestand verplaas. Julle het vir julleself die toestand van lyding geskep waarin julle julleself bevind.

Maar Ek sal julle altyd bystaan sodat julle die weg uit die diepte weer kan terugvind. Ek sal julle steeds weer help sodat julle weer geluksalig sal word soos wat julle in die allereerste begin was. Die boosheid het julle self gewil en haar (**Satanagees)** self nadergetrek en die uitwerking daarvan kon nooit geluksaligheid wees nie. Veeleerder was 'n ongelukkige toestand die gevolg van haar wat julle vrywillig nagestreef en gedoen het.

Maar julle God en Vader het julle lief, want julle het uit Sy liefde voortgekom **en hierdie Liefde sal nooit ophou nie**. Sy sal Haarself dus steeds beywer om julle weer terug te wen en **Sy sal alles doen om julle weer 'n geluksalige lot te verskaf**, waartoe **julle vrye wil** egter nodig is. Want soos julle eens vrywillig van My weggegaan het, soos wat julle eens 'n groot sonde op julle gelaai het, **so sal julle ook vrywillig na My moet terugkeer.**

Julle moet julle skuld besef, julle moet berou daaroor hê en om vergewing van julle skuld moet vra en alles sal dan wees soos wat dit aan die allereerste begin was. Julle sal in julle verbinding met My bomate geluksalig wees. Dus kan julle altyd in een God van Liefde en Barmhartigheid glo, want al is Ek ook 'n regverdige God, sal Ek julle nie oorlaat aan julle selfgekose lot of vir julle straf oplê nie.

En daarom is dit verkeerd om te sê dat Ek julle **verdoem vir julle sonde**. Inteendeel: Ek stel teenoor hierdie opvatting die werk van My Liefde en Erbarming, My offerdood aan die kruis vir julle sonde. As Ek julle vir ewig wou verdoem het vir julle vroeëre sondeskuld, dan sou My verlossingswerk waarlik nie nodig gewees het nie. Maar so het Ek aan julle 'n bewys gegee van My Liefde en Erbarming: **Ek het Myself geoffer. Ek het vir julle gesterf, Ek het My lewe gegee aan die kruis vir julle sondeskuld.**

Daaruit alleen sal julle kan herken dat die leer van die ewige verdoemenis 'n dwaalleer is, want My werk van Verlossing bewys die teendeel. Dit toon julle 'n God van Liefde en Erbarming, Wie Homself Self prysgegee het om julle skuld teniet te doen, Wie julle dus nooit vir ewig sal verdoem nie. 'n Straffende God is nie 'n korrekte beeld van My en My Wese nie; Ek, Wie die Liefde is en nimmer My skepsele in 'n nog groter ellende sal stort as wat hulle reeds deur hul afval van My ondervind het nie. Ek wil hulle weer terugwen en daarom het Ek hulle skuld op My geneem om dit uit te wis, omdat Ek My bekommer het oor die lot van al die gevallenes en Ek wou hulle omhoog help.

Maar die skepsel, - die mens in die laaste stadium op aarde - kan ook weier om My Erbarming aan te neem en homself **dus op 'n verre afstand van My in eiesinnigheid ophou**. Dan sal hy inderdaad ongelukkig wees, **dan skep hy** vir homself die lot van die verdoemenis, wat hy egter ook te alle tye self kan beëidig, as hy homself maar tot My sal wend, as hy My verlossingswerk sal erken en vir homself 'n beroep daarop doen.

**Steeds sal hy in My die liefdevolle Vader aantref, Wie Sy kind wil help, Wie Self na Sy kind verlang en Wie hom voortdurend help en tersyde staan**, sodat Hy die vrye wil van die kind kan eerbiedig, dat Hy hom nie dwing om terug te keer nie. Maar dan sal sy lot solank ongelukkig bly totdat sy vrywillige toekeer na My plaasgevind het.

Ek is 'n God van Liefde en Barmhartigheid. Dog die Geregtigheid, wat aan My volmaakte wese behoort, verbied My om aan julle, wie sondig geword het deur eie skuld, 'n geluksalige lewe te berei. **Julle sal eers vry moet word van julle skuld** deur My verlossing te moet aannneem, julle sal My moet bely in JaHshua Messias en **wil behoort aan diegene vir wie Ek My bloed vergiet het aan die kruis**.

En julle sal waarlik nie meer van 'n God van toorn kan spreek, Wie julle onbarmhartig verdoem nie. Julle sal My Liefde self ondervind, Hy, Wie julle vroeëre sondeskuld op Homself geneem het en dit teniet gedoen het, sodat Hy Homself weer met julle kan verenig en julle kan deurstraal met die krag van Sy Liefde, **sodat julle geluksalig kan wees en bly tot in alle ewigheid**. Amein.